NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 17-2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS SINODE

Die tyd van groot opgewondenheid het aangebreek

Die tweede kwartaal is so 'n lekker tyd in die jaar. Hoekom?

Al die baie openings aan die begin van die jaar is verby. Die groot werk om alles weer aan die gang te kry na die lang Somervakansie is verby. Die begrotings wat soveel van ons tyd in beslag neem is goedgekeur en die finansies gaan hopelik mooi uitwerk vir die nuwe jaar. Die eerste kwartaal is elke jaar so vol gelaai dat dit soms voel asof ons probeer om 'n hele jaar se werk in een kwartaal probeer doen.

- **Tweede Kwartaal**

Nou het die tweede kwartaal aangebreek. Miskien die lekkerste tyd in die jaar want ons is geestelik gelaai met nuwe krag en passie na die lydenstyd en paasnaweek se gebeure. Ons is opnuut onder die indruk daarvan dat ons 'n Lewende Here aanbid. Dit is ook die kwartaal waarin Pinkster plaasvind. Ek hoop julle is al opgewonde oor Pinkster en dat die Here al in jou hart werk met soveel ou waarhede in nuwe gedaante wat jy wil gaan oordra in Pinkster. Mag vanjaar se Pinkster ekstra spesiaal wees in Goudland met al die mooi oeste wat op die lande besig is om ryp te word. Mag die vuur van die Heilige Gees in elke leraar se hart brand met 'n nuwe boodskap vir Pinkster 2017. ***"Nou is die tyd"***

- **Moedersdag spesiale kollekte**

Sondag 14 Mei is Moedersdag. Ons herinner ons gemeentes aan ons spesiale kollekte op Moedersdag.

Ons wil graag vanjaar die kollekte gebruik om by een van ons Sinode se Tehuise vir Bejaardes op Klerksdorp 'n verskil te maak. Daar is werklik behoeftes wat ons moet aanspreek en ons dink dit is die ideale wyse om ons hele sinode te laat deel in die vreugde daarvan om vir ons senior lidmate 'n mooier oudag te voorsien.

- **Waarvoor gaan 'n leraar se reiskoste?**

'n Vraag at die laaste tyd dikwels vir my gevra word deur kerkrade en leraars is; "waarvoor gaan die laraar se reiskoste en waarvoor mag hy reiskoste eis" Dit lyk asof daar 'n grys area is wat veroorsaak dat daar soms gemeentes onsekerheid is wat alles deur die reiskoste gedek word. Dit is belangrik om mooi te lees wat in die brief staan wat saam met die salaris aanbevelings gestuur word.



Verder is dit belangrik volgens my om te onthou dat die reiskoste alles ritte insluit wat die leraar in diens van die gemeente onderneem. 'n Leraar kan nie ekstra eis vir sekere ritte buite die gemeente nie. Indien daar ritte onderneem moet word wat veroorsaak dat die leraar meer as sy toegelate kilometers moet ry en hy ekstra wil eis moet hy 'n logboek hou van die jaar se ritte en aan die kerkraad voorlê en hulle toestemming kry om ekstra te ry.

Alle ekstra uitgawes kan met ander woorde net aangegaan word met toestemming van die kerkraad en met opgawe van redes en 'n verslag.

Indien daar onsekerheid hieroor is moet dit deur die kerkraad bespreek word. Ek is beskikbaar vir navrae hieroor en sal help waar ek kan.

- **Voorbidding vir Lichtenburg en Coligny**

Dankie vir almal in ons sinode wat voorbidding gedoen het vir die twee dorpe en ons gemeentes daar. Ons vra steeds voorbidding dat die Here vir almal daar wysheid en insig sal gee om deur die probleme te werk tot vrede en rustigheid.

● **Kommunikasie en beskikbaarheid**

Ek wil dit graag weer beklemtoon dat ons gemeentes en predikante gerus moet navraag doen as daar enigiets is wat hulle oor onsekerheid het of as hulle meer kommunikasie oor sake in die kerk verlang. Ons wil graag soveel moontlik met ons gemeentes deel en ek is regtig beskikbaar indien daar vrae is.

Groete en voorbidding van huis tot huis in Goudland

Ds. Johan Brink
Voorsitter: SBK

Spesiale Moedersdag kollekte vir ons bejaardes

Ds Nico van Rensburg, Besturende Direkteur van NG Welsyn skryf:

Liewe barmhartige leraars, gemeentes en lidmate van Goudland-sinode

Moedersdag 2017 is die amptelike geleentheid waar die Goudland-sinode se gemeentes hulle offergawes weereens in die sinode se NOODFONDS stort.

Vanjaar is ons 9 tehuise vir bejaardes ons grootste nood. Daarom het ons volle leierskap besluit dat ons nooddankoffers vanjaar vir die nood van ons bejaardes in ons tehuise sal help. Ons versoek dus kerkrade, lidmate en leraars om 'n baie spesiale inisiatief vir die saak te loods.

Ons dank u weereens vir die méér as R700 000 wat u in liefde tydens die 2016-Droogte bygedra het. Hierdie jaar is ons doel om R1 miljoen in te samel vir ons bejaardes! Om dit moontlik te maak het ons 'n ***spesiale video*** gemaak wat asseblief tydens die Moedersdag erediens gespeel kan word. Laai asb die video-snit by onderstaande skakel af om tydens die erediens te speel. (Daar is ook 'n CD aan u gestuur. Ingeslote in die CD-koevert is ook 'n stukkie geskryf wat asb in u ***gemeenteblaadjie*** gedruk kan word sodat u lidmate weet waarheen om die donasies te maak, asook 'n VONKK-lied met ***teks*** en ***begeleidingsnit*** wat afgelaai kan word. Kontak asb vir Anette Degenaar by 018 2973928 indien u dit nie ontvang het nie).

Die realiteit van stygende kostes klop ook aan NG Welsyn tehuise se deure; hoë kospryse, instandhouding soos dakke wat lek, water en elektrisiteit. Help ons om hierdie mense se omstandighede te verbeter. Ons wil hulle dit gee wat die res van ons as vanselfsprekend aanneem: 'n ordentlike badkamer, 'n plekkie om te sosialiseer, veilig te wees en menswaardig te voel.

Wie weet. . . eendag het jy dit dalk nodig dat iemand anders 'n bydrae tot jou menswaardigheid moet maak!

Mooi so, goeie en getroue diensknegte.

Seënwense

Ds. Nico van Rensburg
Predikant vir Sinodale en Barmhartigheidsbediening

Skakels vir aflaai van Moedersdag-media:

- **Hi res video:** https://www.dropbox.com/s/bevpaqzvu3hc36f/Moedersdag%20-%2014%20Mei%202017%20-%20Hi%20res.mp4?dl=0
- **youtube:** https://www.youtube.com/watch?v=NrPomyitzw8&feature=youtu.be
- **Vonkk 131:** https://www.dropbox.com/s/pi9t863la666jc3/VONKK%20131%20BT.mp3?dl=0

IDEES VIR MOEDERSDAG 14 MEI 2017

Bronne vir Moedersdag 2017

Sondag 14 Mei is Moedersdag. Dis 'n besondere tradisie wat reeds die menswaardigheid van ma's vier en so vir ons geleentheid bied om die konsep van menswaardigheid te ontgin. Bestel gerus van CLF se gratis Seisoen van Menswaardigheid pamflette oor Geslagsgelykheid om op dié Sondag uit te deel.

Hier is ook 'n pragtige "seën" vir Moedersdag wat juis die breë spektrum van menswaardigheid onder ons aandag bring: Dit kom uit hierdie brief wat vir dominees 'n paar idees gee rondom die inkleding van Moedersdag. (met dank aan Grenspos)

Embrace se Moedersdagprojek

Hierdie mooi inisiatief vir Moedersdag kom daar vanuit die Kaap, en dit gee 'n baie mooi inhoud aan Moedersdag-vieringe.

Bring jou ma, ouma, susters en vriendinne vir 'n uur na jou plaaslike hospitaal se kraamafdeling en voeg waarde toe tot mammas en babas se lewe! Word deel van die uitreik op So 14 Mei en vind uit hoe om self 'n besoek aan jou plaaslike hospitaal te reël.

Besoek Cape Town Embrace se Facebook, kontak Sonja Basson by sonja@kaapkerk.co.za of kry die Afrikaanse pamflet hier. (met dank aan VrydagNuus)

GEBED

Na 22 April se "IT'S TIME" begin daar orals in gemeentes en op alle vlakke in ons land inisiatiewe vir gebed, want die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. Gemeentes kan hierdie inisiatiewe benut om te mobiliseer om saam die aangesig van God te soek.

Gebedbyeenkoms 'helder lig van hoop'

Conette le Roux skryf oor haar belewenis van 22 April:

"Op Saterdag 22 April is 'n nuwe verbond tussen God en sy kinders in Suid-Afrika gesluit." Só sê John van Straten, lidmaat van NG gemeente Alberton-Wes, nadat hy die It's Time-gebedsbyeenkoms bygewoon het. Christene regoor Suid-Afrika het in hulle massas gestroom na dié gebedsaamtrek buite Bloemfontein wat deur evangelis Angus Buchan van stapel gestuur is. Volgens 'n persverklaring van Buchan … Lees verder

Gebed vir SA met Hemelvaart gevra

Gemeentes word versoek om op **Hemelvaart, Donderdag 25 Mei**, (indien moontlik tussen 12:00 en 14:00) gebedsgeleenthede te hou waar vir die uitdagings van Suid-Afrika en die kontinent Afrika gebid kan word. 25 Mei is ook Afrikadag.

Dit geskied in 'n amptelike verklaring van die SARK waarin groot kommer oor die politieke koers van die ANC en die bestuur van die land uitgespreek word.

Gemeentes word ook versoek om deel te neem aan landswye gebedsnetwerke se gebedsgeleenthede tussen Pase en Pinksterfees. Sommige hiervan kan publiek georganiseer word, maar private byeenkomste, amptelik deur gemeentes of op duisende plekke deur lidmate, word ook aangemoedig.

Gemeentes kan gerus ook op **4 Junie (Pinkstersondag)** voorbidding doen vir die SARK se nasionale konferensie in die daaropvolgende week, waar besliste standpunt oor die stand van ons nasie geneem sal word. (met dank aan Grenspos)

Gebede van jongmense vir Suid-Afrika

Evelyn Lotz vertel:

'n Groep van ons wat by Global Challenge Expeditions ('n bediening wat leierskap onder jongmense ontwikkel) op Jeffreysbaai betrokke is, het die afgelope week ter voorbereiding van Saterdag 22 April se Gebed vir Suid-Afrika 'n projek geloods om vanuit ander mense se perspektief (in hulle skoene) vir SA te bid. Dit is verhelderend om hierdie gebede en perspektiewe te lees of te hoor – klik hier om die gebede te lees of daarna te luister. (met dank aan Grenspos)

Gebedsinisiatief wil die hele Suid Afrika betrek met Hemelvaart (25 Mei) en die tien dae van Pinkster (tot 4 Junie)

By die onlangse geslaagde en geskiedkundige gebed saamtrek digby Bloemfontein het nagenoeg een miljoen gelowiges saamgetrek. Suid Afrika se bevolking tel ongeveer 55 miljoen waarvan die oorgrote meerderheid getuig dat hulle Christene is.

"Christene doen twee dinge in besonder" vertel ds. Jannie Pelser, organiseerder van ***sapray***. "Hulle lees Bybel en hulle bid. Nou word alle gelowiges opgeroep om veral in die lig van die buitegewone uitdagings wat tans in Suid Afrika beleef word saam te bid vir uitkoms en genesing.

Die onderskeidende van hierdie gebedsoproep is onder andere die verteenwoordigende aard daarvan. Diversiteit is aan die orde van die dag maar gebed bind ons in eenheid saam.

Daarbenewens word Christene opgeroep om offervaardig te bid. Die bedoeling daarmee is dat daar daagliks gebid word waar gelowiges hulself bevind.. by die kantoor, in die klaskamer, lesinglokaal, besigheid, gimnasium, gemeente.

Ook saam met die petroljoggie of persoon wat die ete by die restaurant bedien. Bid saam met jou huishulp en tuin argitek en omgekeerd. Mag Suid Afrika tot stilstand kom as daar gebid word. Die tydsgewrig vra dit van ons. Lees verder...

Bid vir Suid-Afrika



CLF het in positiewe reaksie op die woelinge in ons mooie land besluit om weer hierdie pragtige versoening gebedsgids vir ons land, onder gelowiges se aandag te bring. Dit is nie meer beskikbaar in gedrukte vorm nie, maar kan afgelaai word vanaf Christelike Lektuurfonds se webblad. Ons mag nie vergeet dat God altyd in beheer is en dat ons vir ons land en sy leiers moet bid nie.

Laai hierdie wonderlike boek gratis af en stap saam op 'n 40-dae reis om God se koninkryk te help vestig in Suid-Afrika. http://bit.ly/2nKMiRv

Wêrelddag vir Kulturele Diversiteit

Op 21 Mei vier Suid-Afrika – saam met die res van die wêreld – Wêrelddag vir Kulturele Diversiteit. Hierdie dag bied ons die geleentheid om die waarde van kulturele diversiteit te verstaan en leer ons om beter saam te leef as Suid-Afrikaners. Dit herinner ons aan ons uniekheid as mense, ons verbondenheid aan mekaar en die eenheid wat ons vind in Jesus Christus.

Christelike Lektuurfonds fokus reeds vir 60 jaar om lektuur in kultuur- en taalkonteks te druk en daarom is ons materiaal ideaal om Suid-Afrikaners te help om verskillende grense oor te steek en verhoudinge te bou.

Net 'n paar toepassings-idees:

- Bied as gemeente 'n kultuuraand aan en nooi mense vanuit die gemeenskap om meer te vertel oor hul geloof, taal en kultuur. Bestel Christelike Lektuurfonds se gratis pamflette met verskillende onderwerpe in verskeie tale (onthou die Chinese, Franse, Portugese en Arabiese pamflette!) en stal dit by die geleentheid beskikbaar.
- Die werksituasie maak dit soms ingewikkeld om jou Christenskap openlik uit te leef tussen kollegas van ander gelowe en kulture. Christelike Lektuurfonds se pragpublikasie genaamd SA land van baie godsdienste (R220) gee volledige agtergrond oor jou kollegas se geloof en kan as gids benut word vir dialoog met hulle.
- Reël as selgroep 'n kulturele ete waar gemeenskapslede van verskillende kulture en gelowe genooi word om saam mekaar se koskulture te verstaan en te waardeer.
- Voorbeelde van CLF pamflette wat ook in hierdie konteks bestel en benut kan word is "Hoe praat ek met my bure wat nie Christene is nie?" asook die Seisoen van menswaardigheid-pamfletreeks met onderwerpe soos bv. "Rassisme", "Armes en Rykes" en "Geslagsgelykheid".

Vir meer inligting en bestellings skakel 021 873 6964, stuur jou e-pos na info@clf.co.za of besoek ons webtuiste by www.clf.co.za

---

REFORMASIE 500

Leer jy hulle nog, dominee?

Johan van der Merwe skryf in sy gereelde rubriek in die e-Kerkbode:

Hoeveel lering vind daar nog in gemeentes plaas? Hoe goed ken lidmate die Bybel? My ervaring is dat ouer lidmate nog hulle Bybel ken, maar dat veral jonger lidmate skrikwekkend min van die Bybel weet – en dit terwyl onderrig en lering wesenlik deel van ons gereformeerde erfenis is. Hoe belangrik hierdie saak vir Luther was, blyk uit 'n brief … Lees verder

---

INTERESSANTE ARTIKELS

Creation through Christ (NT Wright)

BioLogos is starting to release videos of the plenary talks (at least some of them) from the March Christ and Creation conference in Houston, USA. This was a great time with much material worth some serious consideration.

The first talk in the conference, and the first to be posted was by N.T. Wright. Wright focused on the significance of Christ in our understanding of creation. Rather than starting with Genesis, we as Christians should start with New Testament passages, not least John 1:1-5, 14, he said.

To view Wright's lecture on Youtube, click here. Read a report on the proceedings at BioLogos' Christ and Creation Conference. (met dank aan Grenspos)

Kan die Kerk die "droogte" breek?

"Terwyl Suid-Afrika kreun onder protes, rassisme en negatiwiteit, ontvang ek onlangs 'n uitnodiging om 'n gesprek tussen ses kerke op Nieuwoudtville te fasiliteer.

Laat ons nie naïef wees nie. 'n Plekkie soos Nieuwoudtville word ook geteister deur al die kwale waarvan ons bewus is. Maar binne in die kerksaal is die atmosfeer totaal anders. Aanvanklik half gedemp en versigtig, maar die heerlike aandete wat die tannies (nee, hulle sal nie aanstoot neem nie) voorgesit het, met roosterkoek en al, skep gou 'n gemoedelike atmosfeer."

Lees gerus hoe Braam Hanekom (PSD: Publieke Getuienis) verder vertel aan 'n verhaal wat ruik na die belofte van reën. Van hoop. Klik hier. (met dank aan VrydagNuus)

ANDER NUUSBROKKIES

Pinkster-temas beskikbaar

Die Pinkstertemas vir 2017 is beskikbaar, met groot dank aan die CLF. Klik hier om dit af te laai

God se wil?

Wonder jy wat is God se wil vir jou lewe? Enigeen wat hieroor nadink en leiding soek, kan oorweeg om te registreer vir e-kerk se videoreeks. Jy kry sodoende elke week 'n e-pos waar hulle uit die Bybel hierdie tema ondersoek. Klik hier om die eerste video te sien. (met dank aan Vrydag-Nuus)

Oudisies vir persone wat wil deelneem aan die REFO 500 feesproduksie

Daar word 'n feesproduksie, Uit diep van Donker Nagte, aangebied as deel van die REFO 500 feesvieringe. Lidmate wat belangstel om hierin deel te neem word uitgenooi om die oudisies vanaf 4-6 Mei by te woon.

- **Uit Diep van Donker Nagte (Reformasie 500-feesproduksie)**

Finale oudisie: 4-6 Mei GEREFORMEERDE KERK Centurion

Ons erken dat ons ons skeppende talent van die Here ontvang en dat ons Hom moet verheerlik met ons kuns:

... elkeen wat kunsvaardig was, in wie se hart die HERE wysheid gegee het ... En elkeen wie se hart hom opgewek en elkeen wie se gees hom aangedryf het, het gekom ... die manne het met die vroue gekom, elkeen wat gewillig van hart was ... (Ex 35-26)

In dieselfde gesindheid en geloof word die beplanning van Uit Diep van Donker Nagte vir Reformasie 500 aangepak. "Ons wil oud en jonk besiel en meesleur deur hierdie kragtige wolk van getuienis wat die eeue oorspan; elke gelowige oproep om die heerlike verlossingswerk van Christus te besing!" sê die regisseuse, Ina Opperman.

Speeltalent gesoek:

- Guido de Bres, koning Frans 1, Calvyn, Hugenote, soldate; Lenige jongmans (plakkaataankondigings)
- Vertellers (vroue stemkunstenaars); mannekoorsangers
- Gelowige Venda-gesin of Sotho-gesin of Tswana-gesin of Zulu-gesin;
- Gelowige Indiese gesin, Koreaanse of Chinese gesin.

Vir oudisies kontak Ina Wiegand (082-887- 4046); Louise vd Walt (082-576-0692).

Opvoerings: 25-28 Oktober 2017 Gereformeerde Kerk, Centurion

LESINGS, SEMINARE, KURSUSSE

Fakulteit Teologie: Departement Dogmatiek en Christelike Etiek – Uitnodiging

Visit of Richard Kearney: 13 May 2017 - Hosted by North-West University and the University of Pretoria.

Venue: Centenary Hall, Theology Building Floor 2 Room 10, Hatfield Campus, University of Pretoria (Lynnwood Road). Theme of the day: The Philosophy of Richard Kearney. Richard Kearney is the author of amongst other: "Anatheism" (2009), "The God Who May Be" (2001) and "Strangers, gods, and monsters" (2002). See also https://richardmkearney.com/ and http://www.bc.edu/schools/cas/philosophy/faculty/kearney.html

Please confirm attendance before 12:00 on 11 May with Lesego Temane (lesego.temane@up.ac.za). Registration fee: R50.00 Includes Coffee & Tea and Lunch.

Johan Heyns Gedenklesing

U word vriendelik uitgenooi na die Johan Heyns Gedenklesing op **24 Mei 2017** om 18:30 vir 19:00 in die Eeufeessaal, (Vloer 2, Kamer 10), Teologie Gebou, Universiteit van Pretoria.

Die spreker is Prof Etienne de Villiers, Emeritus professor van die Dept, Dogmatiek en Christelike Etiek, Fakulteit

Teologie, Universiteit van Pretoria. Die tema is "Christian Ethics and Secularisation: Business as usual?"

RSVP asseblief voor 18 Mei 2017 by lesego.temane@up.ac.za. 2 VBO-punte word vir bywoning toegeken.

BYBEL MEDIA

Bybel-Media – Cordis Trust-pryswenners

Vrydag 21 April was vir Bybel-Media en Cordis Trust 'n baie besondere geleentheid waartydens bogemelde pryse aan 2017 se wenners oorhandig is. Die pryswenners het elk 'n oorkonde en geldprys by dié mooi geleentheid ontvang.

Toekenning vir oorspronklike, Afrikaanse Christelike familie- en/of gesinspublikasie:

- Ontvang wat vir jou gegee is – uitgewer Bybel-Media.
- Wenners: Drr Coenie Burger en Andries Cilliers.

Toekenning vir oorspronklike, Afrikaanse Christelike jeug- en/of kinderpublikasie:

- Kleuterpret: Aanbiedersgids en werkboek – uitgewer Bybel-Media.
- Wenner: Liana Lourens.

Toekennings vir bydrae tot spesiale projekte met Bybel-Media verbintenis met deerniswerk, woordkuns en geestelike groei as vernaamste kriteria.

- Wenners: Ds Koos Kriel – medewerker van Nehemia Bybelinstituut.
- Elize Bosch – deerniswerk en medewerker LiG [kon wees werkverpligtinge nie geleentheid bywoon.

Op die foto is vlnr Liana Lourens, dr Andries Cilliers, dr Fanie Marais (voorsitter Cordis Trust), ds Koos Kriel en dr Coenie Burger met hul oorkondes.

Lees in die Kerkbode van 5 Mei ...

- Van NG gemeente Lydenburg-Suid se spesiale groentetuin van 1400 vierkante meter. Nie net voorsien dit in die voedselbehoefte van gesinne nie, maar het dit Lydenburgers ook inspireer om oor grense heen hande te vat.
- Kerkbode vertel ook van Saterdag, 22 April in Bloemfontein toe God 'n "daklose tempel" aan die mense van Suid-Afrika op die plaas Wilde-Als voorsien het.
- Kom spandeer 'n oggend op straat saam met Bheki, wat probeer om 'n lewe te maak deur bruikbare weggooigoed bymekaar te maak en te verkoop vir herwinning. Neels Jackson het 'n oggend saam met dié man op straat in Pretoria spandeer en onder andere geleer dat straatmense soms net eenkeer elke tweede of derde dag eet.
- Lees meer van Gerjo Ben van der Merwe, skrywer van die Kruispad-dagstukkies, wat "geroep is om 'n dominee te wórd, nie om een te wéés nie.
- Kry ook nuus van gemeentes se doen en late tydens Paasfees, die Cordis-wenner wat veg vir 'n Hillbrow-dogtertjie en 'n seun wat naasteliefde ervaar het op sy epiese perderit vanaf Heidelberg na die Suid-Kaap.
-

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

5 Mei 2017 BM Deel 198 – Nommer 6

Lydenburg se saad val in goeie grond

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybel-media.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

e-Kerkbode

Neels Jackson, redakteur van Die Kerkbode, hou ons gereeld op hoogte van die jongste nuus in ons kerk in die e-Kerkbode. Klik op die skakel om al hierdie berigte te lees by: http://kerkbode.christians.co.za/. Dis 'n gratis nuusdiens.

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

UP: Fakulteit Teologie -Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap

Vakature: Senior Lektor / Medeprofessor / Professor (een pos)

Pligte: Die posbekleër sal verantwoordelik wees vir:

- Onderrig op beide voor- en nagraadse vlak in die Nuwe Testament;
- Vakkundige navorsing in die Nuwe Testament en verwante literatuur;
- Begeleiding van magister- en doktorale studente;
- Die mentor van studente op voorgraadse vlak;
- Die uitvoer van akademiese administrasie en bestuur;
- Die uitvoer van ander pligte soos deur die Departementshoof gedelegeer.

Minimum vereistes:

- 'n Doktorsgraad (of byna voltooid) met spesialisering in die Nuwe Testament;
- Antieke Grieks op ten minste derdejaarsvlak;
- 'n Bewese rekord van tersiêre onderrigervaring op voorgraadse vlak in die Nuwe Testament (indiening van 'n onderrigportefeulje word vereis).

Die posvlak sal bepaal word volgens die kandidaat se professionele portefeulje.

Sluitingsdatum: **22 Mei 2017.** Navrae: Prof E van Eck, Tel: (012) 420 3804

Om aansoek te doen, kliek asseblief op die volgende skakel:

http://upnet.up.ac.za/psc/career/EMPLOYEE/HRMS/c/HRS_HRAM.HRS_APP_SCHJOB.GBL?Page=HRS_APP_JBPST&Action=U&FOCUS=Applicant&SiteId=1&JobOpeningId=22719&PostingSeq=1

2016 PROPONENTE

Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:

- Bernard Barnard [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
- Eddie Brown [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- Antje du Plessis [Kontak haar by 078 095 0616; antjeduplessis@gmail.com]
- Berenice Esterhuyzen [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- Jaco Heymans [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- Danielle Laubscher [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- Christo Schoeman [082 775 4988; cjschoeman777@gmail.com]
- Bernice Serfontein [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- Dirk Steyn [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- Marileen Steyn [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- Stanwin Street [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- Anandie Vosloo [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

(met dank aan Verskil)

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, tel: (011) 660-7652, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com - Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS